

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 3:12

Uitverkiesing en onderlinge liefde

Hoe moeiliker dit met 'n mens gaan, hoe meer raak jy op jouself ingestel en in jouself gekeer. Dit is hoe dit gewoonlik gaan. Die mens se drang om homself te beskerm, werk op dié manier. In moeilike tye sorg elkeen net vir homself en hoogstens vir die mense wat die naaste aan hom is.

In die koninkryk van God werk dit anders. In 'n tyd van nood kruip gelowiges nie in hulle dop nie, maar hulle vlug na God en na mekaar toe.

'n Kenmerk van God se uitverkiesende genade in die lewe van sy kinders is juis dat hulle mekaar versterk deur die liefde wat hulle aan mekaar bewys, ook in tye van nood. Hulle vertoon die gesindheid van Jesus Christus wat in die uur van sy grootste nood die grootste liefdesdaad van alle tye verrig het. Hy het Homself gegee om ons van die nood en die pyn van die hel te verlos.

Hierdie gesindheid het Hy deur die Heilige Gees ook by die Tessalonisense gewek (1:3). Nou bid Paulus dat hulle liefde vir mekaar en vir alle mense sal groei en oorvloedig word net soos dit met Paulus-hulle gebeur het. Daardeur gaan hulle mekaar immers geestelik versterk om staande te bly en ook ander mense vir Christus te wen.

Daar is versterking vir dié wat liefde ontvang, maar ook vir dié wat liefde bewys. Wie liefde ontvang, ervaar God se liefde deur die een wat gee.

Wie deur die werk van die Heilige Gees liefde bewys, ontvang daardeur die versekering van die egtheid van sy geloof.

Bid dan dat die Here ook jou liefde oorvloedig sal maak.

Sing: Psalm 66:7

Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)